

**Skriflesing:** Markus 13:14-27Teks: **Markus 13:23****Sing- VOORAF SANG: Sb. 15-1 (Gebed vir die kerke)****TYDENS DIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 38:1,17; Ps. 50:2,7; Ps. 68:1,3****Markus 13:14-27**

**Mar 13:14** En wanneer julle die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan waar dit nie behoort nie—laat hom wat lees, oplet—dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;

**Mar 13:15** en wie op die dak is, moet nie afkom in die huis en ook nie ingaan om iets uit sy huis weg te neem nie;

**Mar 13:16** en wie op die land is, moet nie omdraai na wat agter is om sy kleed weg te neem nie.

**Mar 13:17** Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae!

**Mar 13:18** En bid dat julle vlug nie in die winter mag plaasvind nie.

**Mar 13:19** Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie.

**Mar 13:20** En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort.

**Mar 13:21** En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! —moet dit nie glo nie.

**Mar 13:22** Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

**Mar 13:23** Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê.

**Mar 13:24** Maar in daardie dae, ná dié verdrukking, sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie,

**Mar 13:25** en die sterre van die hemel sal val, en die kragte wat in die hemele is, sal geskud word.

**Mar 13:26** En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.

**Mar 13:27** En dan sal Hy sy engele uitstuur, en Hy sal sy uitverkorenes uit die vier windstreke versamel, van die einde van die aarde af tot by die einde van die hemel.

**Skriflesing:** Markus 13:14-27Teks: **Markus 13:23****Sing- VOORAF SANG: Sb. 15-1 (Gebed vir die kerke)****TYDENS DIENS: Ps. 36:2,3; Ps. 38:1,17; Ps. 50:2,7; Ps. 68:1,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons kom in hierdie Covid-19 tyd, die tyd wat 'n verskriklike virus die wêreld getref het, weer na u met die Profetiese Rede. Ons kom nou al 'n entjie daarmee saam, vandag die vierde Sondag hieroor, maar die laaste woord is lank nog nie gespreek nie. Daar is sekere dele in die Profetiese Rede wat ons die diepte nooit sal kan uitklaar nie. Wanneer, waar en hoe sekere dinge in die Profetiese Rede dit gaan uitspeel moet ons altyd baie versigtig mee omgaan. Tog het die Corona-tyd ons in Suid-Afrika baie aan die raai ... niemand weet hoe hard Suid-Afrika nog getref gaan word nie, die virus laat ons in baie opsigte in die duister. Die wêreld van ons voorouers, die meeste van ons met Europese of Engelse wortels is dan so hard geslaan, hoe is die verloop in Suid-Afrika op die stadium so anders, is 'n vraag wat ook weer tot groot versigtigheid maan, want natuurlik kan dit oornag verander?!

\*\*\*

Soos met die Covid-19 omgegaan moet word wil ek dadelik 'n versigtige vergelyking maak met wat Jesus ook vir sy viertal dissipels, maar in werklikheid vir al sy kinders daardie laat Dinsdagmiddag teen die hange van die Olyfberg keer op keer ons ook mee gewaarsku het. Iemand noem dit die grondtoon van die Profetiese Rede. Dis ook ons tekswoorde vandag ... *Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê.* Ek wil graag dat ons hierdie tekswoorde met die volgende drie gedagtes nader aan ons bring. Eerstens, wat dit beteken en wat word van ons verwag as Jesus sê dat ons op ons hoede moet wees. Tweedens, wat die dinge kan wees wat vir ons dan wel vooruit gesê is. In die laaste plek, wat dan van die dinge wat nie vooruit gesê is nie. Eerste dan –

**Wat is ons verwagtinge as Jesus ons beveel dat ons op ons hoede moet wees?**

Ons het verlede Sondag gehandel oor die *gruwel van verwoesting* wat gaan plaasvind en wat staan waar dit nie hoort nie. Inderdaad, ons moet dit weer onderstreep dat hierdie is 'n moeilike teks. Dit wat jou laat voel, waar staan ons met 'n gedeelte soos hierdie. Is daar dalk 'n moontlikheid dat die *gruwel van verwoesting* in die verband kom met wat nou in die wêreld gebeur, ons weet dit nie?!

Ons het daarop kon wys dat die verwoesting van Jerusalem in 70nC was reeds 'n duidelike vervulling van Jesus se profesie, want die pragtige tempel is toe tot die grond toe afgebreek, geen klip het op die ander gebly nie ... en wat toe met die Jode gebeur het, was verskriklik. 'n Geskiedskrywer van daardie tyd het dit gestel dat met die verwoesting wat toe in Palestina plaasgevind het, is 1 100 000 Jode gedood, 97 000 is as krygsgevangenes weggevoer. Een uit elke 10 Jode het dit gemaak, net maar een-tiende het bly leef ... Vir die wêreld van daardie tyd inderdaad 'n verskriklike ding wat met hulle gebeur het, inderdaad iets wat as *gruwel van verwoesting* kon deurgaan.

\*\*\*

As ons, ons meer onlangse geskiedenis hiermee mag saamlees, dan besef ons in 1941-1945 het Nazi-Duitsland 6 miljoen Jode gedood. Die getal mense, meer as net Jode deur die Holocaust gedood, werk die een bron met 11 miljoen mense. Weer iets verskriklik wat die Jode en wat die wêreld getref het. In baie opsigte sou die Jode weer kon sê, dit was 'n *gruwel van verwoesting*, nog weer amper ses maal erger as die verwoesting van 70nC.

Die verdrukking wat daar was, soos wat Jesus dit profeteer as die *groot verdrukking* het egter 'n deel wat ons nie mag mislees nie. Markus stel dit- veral dan vers 19: *Want daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie.* Mattheus sê bykans presies dieselfde – Matt. 24:21: *21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.* Dis waar die moeilikheid by ons teks inkom, want wat die Here sê is nie maar net 70nC se gebeure of hier kort in die middel van die vorige eeu se gebeure, toe 11 miljoen mense deur 'n gruwel van verwoesting getref was nie, of as ons kyk na die Spaanse griep van 1918, nog weer 'n hele ruk voordat Adolf Hitler op die wêreldtoneel verskyn het en die getal gestorwenes tydens daardie verskriklike virus, kon niemand nog ooit na regte bepaal nie. Ja, baie groot getalle word genoem wat die swart Oktober van 1918 Suid-Afrika getref het. Wag daar dalk weer vir ons 'n swart Oktober ... niemand weet nie?!

'n Studie in 1984 gedoen, het kon wys, onder die swart en bruin mense was hulle daardie tyd die hardste getref en niemand het die getal gestorwenes behoorlik getel, die getalle na behore kon bereken en dis nie aangeteken nie. Dat Suid-Afrika in 1918 moes tel onder 5 lande ter wêreld wat die hardste getref was, gee 'n aanduiding watter verwoesting was daardie griep juis in die land waar ons bly.

\*\*\*

Steeds is dit verskriklik wat gebeur het, vir so baie 'n gruwel van verwoesting maar dan hoor ons Jesus se profesie stel dat die gruwel van verwoesting wat Hy profeteer die ergste gaan wees nog ooit ... *daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nie gewees het van die begin van die skepping af wat God geskape het tot nou toe, en ook nooit sal wees nie.* Dis tog woorde wat letterlike gehoor en verstaan moet word. Dit wat Jesus sê praat van 'n eenmaligheid, van iets wat niemand nog ooit geken het nie, daar sal ook nooit weer so 'n gruwel wees nie.

\*\*\*

Wanneer sal so 'n gruwel die wêreld tref, die ergste nog ooit, is waar ons al hoe meer versigtig moet raak. Niemand weet wat dit presies is en wanneer dit sal wees nie, daarom word ons gemaan tot versigtigheid. Die gruwel hang natuurlik nou saam met die interessante uitdrukking wat Jesus ook gebruik, as Hy praat van die groot verdrukking. Vir die woord *verdrukking*, (die

Griekse θλίψις, *thlipsis*) gebruik Jesus eintlik 'n woord wat baie tegnies daarop dui dat iemand is in 'n ondergrondse myn en hy word toegeval onder 'n chaotiese rotsstorting, dit breek en kraak en skeur in die mens, of die woord verdrukking kan ons ook laat dink daar word 'n geweldige swaar gewig op jou borskas neergesit, jou borsbene kan dit nie vat nie... Jesus spel die krisis uit soos die woord *verdrukking* in Grieks ook twee velde bymekaarbring van moeilikheid en lyding wat tesame die pyn veroorsaak.

\*\*\*

Wat die verdrukking presies kan wees kan klomp dinge wees ... Dat 'n kern-oorlog eendag die wêreld in stukke kan laat spat en dat werklike kern vuur en kernkrag alle lewe by die punt kan bring waar geen mens nog nooit was nie, kan mos vorentoe gebeur. Ook die mense wat ons onself noem, ons lewe in die vierde industriële rewolusie. Wat help die industrie 'n mens, wat help die rewolusie 'n mens as dit by hierdie tipe van dinge uitkom. Dinge wat in jou lewe kom inkruip en kom staan wat jy mag dink maar hier hoort dit nie. Tog kan niemand dit voorskryf waar dit mag kom en waar dit nie mag kom nie ... niemand nie!

\*\*\*

As Jesus dan vir ons sê - ons tekswoorde vandag- *maar julle moet op julle hoede wees ...* dan gebruik Hy hierdie uitdrukking meer kere in die Profetiese Rede, ons lees net Markus 13- In Markus 13 vers 5 waarsku Jesus ...*Pasop dat niemand julle mislei nie ...* vers 9 dan gebruik Jesus hierdie uitdrukking 'n tweede keer op 'n manier in die regswêreld toegepas – regters wat kan uitspraak lewer met wat ons baie kan seermaak ... Ons lees vers 9 in die '83 Vertl: *9 En julle moet teen julleself op julle hoede wees. Mense sal julle aan die geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal julle geslaan word, en voor goewerneurs en konings sal julle oor My teregstaan.*

As Jesus in ons teksverse weer die uitdrukking gebruik ... die Griekse βλέπετε ... vertaal as *pasop of wees op julle hoede ...* dan kom dit van die gewoon Griekse woord vir om te kyk ... kyk wat rondom jou aangaan. Dit lê in die veld van hierdie is iets wat jou sintuie moet kan waarneem, jy word bewus van iets wat gebeur wat goed na gekyk moet word, daarom dat die Griekse woord ook hierin na vore kan kom as ek na iets *staar*, dan word dieselfde soort van woord gebruik.

Dit dien in ander gevalle, soos in ons teks vandag, as 'n tipe van waarskuwing. 'n Waarskuwing wat beslis ter harte geneem moet word. Daarom kan ons dit ook vertaal as *pasop* ... In Markus 13 vers 5 het Jesus gesê – *Pasop dat niemand julle mislei nie* ... vers 9 se *pasop* het ons reeds na verwys en nou weer, veral waar die antichris baie soorte van christusse na vore sal wil bring, hoe versigtig moet ek dan nie wees nie, ek moet so in my pasoppens wees, sou dit baie vrylik vertaal kon word.

\*\*\*

En as ons dan direk hiermee saam die groter verband lees dan is dit duidelik hoe erg so 'n verdrukking gaan wees. As dit te lank sou aanhou, sou niemand dit kan oorleef nie. Dit kan alle mense uitdelg, ja die aarde wat 'n lewelose chaos massa kan word, is hoe iemand dit ook beskryf. Jesus sê in vers 20 dat *as die Here die dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie*. Letterlik staan hier as ons lees dat die Here die dae verkort het, vir die woord *verkort* kan dit ook gaan oor dit wat afgekap word, dit wat ingekrimp word, ja die dae sal nie meer word as wat ons kan dra nie. Daar sal geen dag te veel wees, 'n dag wat ons die swaar nie meer kan verduur nie. Die Here weet waartoe is ons in staat, Hy wat ons dan gemaak het.

\*\*\*

Dit wat dan ons verwagtinge in die tyd kan wees, ja die dinge wat ons op ons hoede moet wees, op jou hoede vir die verkondiging van vals christusse en vals profete en sekerlik hiermee saam die valse kerk wat altyd sal poog om nog die naam kerk te gebruik. Luister mooi na Christus se waarskuwing in vv 21-22: *21 En as iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Kyk, daar! — moet dit nie glo nie. 22 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*

\*\*\*

Dit wat ons verwagtinge en troos dan as groot steunbasis ontvang, het ons ook twee maal gelees. Mag dit vir jou ook tot groot steun en versterking wees as ons elke keer mag hoor van die *uitverkorenes*. In vers 20 lees ons van die uitverkorenes en dan ook weer in vers 22. Vers 20 staan - *20 En as die Here dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy dié dae verkort*. En dan ook weer vers 22 direk voor ons teksverse vandag: *22 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.*

Om te mag hoor dat God werk in besonder met die uitverkorenes, ja so staan dit benadruk, dit gaan om die uitverkorenes wat God Self hulle gekies het, *die uitverkorenes wat Hy verkies het*, dan het ons so 'n ryke verwagting, want stel Jesus in vers 22 daar sal baie misleiding wees, daar sal baie chaos wees, dinge wat die wêreld nie sal kan vat nie, maar wat die ware uitverkore kind van God betref, hy/sy kan nie mislei word nie. Watter troos, watter verwagting is dit nie! Wonderlik groot, die uitverkorene kan nie mislei word nie, al sal die misleidinge in hierdie wêreld hoe groot mag wees en beslis ook al hoe groter gaan word. Dit bring ons dan vandag kortliks by 'n tweede gedagte, wat ons teksverse ook uitlig - *23 Maar julle moet op jul hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê...* Die tweede gedagte dan -

**Wat is die dinge wat dan wel vir ons vooruit gesê is?**

Die valse christusse en valse profete sal alles in die stryd werp, hulle staan sekerlik ook agter die groot verdrukking, hulle wat die ware kind van God in alles sal beledig en verneder. Ja verlede week het ons al 'n deel van die moeilikhede kon nagaan. Hoe veral vroue dit swaar gaan hê, swanger vroue, vroue met klein kindertjies, hoeveel swaarder dit gaan wees as die wegvlug van dit alles in die winter sal moet wees. En die Jood met sy Sabbat opvatting kan dit alles vir sulke uitverkorenes net nog swaarder maak.

Ons besef die Here het vir ons vooruit gesê dat daar ook groot misleiding sal wees wat ons in ons dae ook nie moet miskyk en gering moet skat nie. Ons besef 'n hele aantal Nuwe-Testamentiese boeke soos Galasiërs, Kolossense, 2 Korintiërs, 2 Timotheus, 2 Petrus en 1 Johannes 4 en Judas, dis alles boeke wat eintlik net met een hoofdoel voor oë geskrywe is, nl. om die uitverkorenes teen misleiding te help en te waarsku. Ons kry nog baie sg. profete en mense wat selfs wonders doen. Die TV-reeks *Openbarings* tans op die VIA-kanaal, Sondag-aande, behandel hulle ook weer een vir een, waar so baie van die sg kerkleiers en kerke op allerlei genesings-wonders aanspraak maak. Mense wat in verrukkinge kom, waar hulle bese geeste uitgedryf word met 'n verskriklike geskreeu en dikwels 'n gekruip op die grond rond. Die onkontroleerbare is hier ook duidelik. Die Here het ons vooruit gesê dat hierdie misleidings sal plaasvind. Ook die misleiding van die “voorspoedsgeloof” dat geloof rykdom en gesondheid ja 'n gesonde lewe vry van enige siekte waarborg. Weereens so 'n groot misleiding! Hulle sê ook dinge wat mense graag wil hoor. Siekte kom dan van die duiwel en dit word selfs verkondig dat God dit nie wil hê nie.

\*\*\*

Geliefdes, die waarheid rondom die groot verdrukking pas nie in by hierdie valse mense nie, maar die waarheid wat die uitverkore kind van God aangryp is vir ons vooruit gesê die dinge wat ons moet weet. Om in hierdie tyd ook te mag weet, ja dit word vir ons vooruit gesê dat God sy kinders met 'n oneindige liefde lief het, watter ryke liefde is dit net nie! Die troos dat ek weet God het eerste liefgehad en God het ook eerste gekies wie aan Hom behoort. Dit is nie ons wat eerste vir Hom gekies het nie, alles behalwe, as ons ook weer later vandag by Sondag 2 en Sondag 3 van die Kategismus sal mag aansluit.

God het sy kinders gekies nog vóór daar 'n wêreld was (vgl. Ef. 1:4). Daar waar God sy hart vir 'n kind van Hom gegee het, daar sal God nie weer los nie. Watter ryke belofte juis in die konteks waar die groot verdrukking ook ter sprake kom. As alles rondom ons dalk wegval, om te mag weet God sal nie sy liefde vir my laat weggaan nie, dit beteken mos alles, dit beteken die lewe in ewigheid. Hoor dan ook die Seun van die lewe met u praat as ons Joh. 10:28-29 lees: *28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. 29 My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. 30 Ek en die Vader is een.*

Geliefdes, ons sou baie lank nog kon aangaan met die dinge wat Christus sê dit is vir ons vooruit gesê. Elke ware profesie, ook die Ou Testament profete, soos ook hierdie Profetiese Rede vandag, dis alles deel van wat vooruit gesê is, wat nie verwar mag word met toekomsvoorspelling nie. Christus voorspel nie die toekoms nie, nêe Hy regeer die toekoms. Dis tog die oortreffende, Hy wat kon sê, *aan My is gegee, alle mag in die hemel en op aarde* (Matt. 28:18). Met hierdie sekere gedagte wil ek dan vandag afsluit, ook met wat ons altyd in gedagte moet hou -

**Die dinge wat nie vir ons vooruit gesê is nie:**

Die belangrikste wat ons hier beslis moet onthou, dat niemand weet wanneer die voleinding presies sal wees nie. Die wederkoms van die Seun van God sal die mensdom totaal onverwags oorval. Dit is hoekom Jesus ook direk na die groot profesieë wat Hy in die Profetiese Rede uitgespreek het 'n hele aantal waaksaamheidsgelykenisse vertel het. Ons moet waaksaam wees, werklik elke sekonde van elke dag gereed wees vir die wederkoms.

Ons besef dat daar tekens sal wees wat ook die wederkoms direk sal voorgaan, maar dit sal baie vinnig opeenvolgend kan geskied. Ons sal tussen die tekens en die werklike koms dalk selfs moeilik kan onderskei. Jesus profeteer ook van 'n kosmiese katastrofe. Die heelal wat ineen sal stort. Son, maan en sterre, die kragte van die hemele, maar ook die basiese elemente op die aarde, dinge in hulle diepste wese, elke molekule, elke atoom, elke proton, elke ioon, maak nie saak hoe groot of hoe klein nie, dit sal verwoestend aangetas word. Skielik sal die mens besef dit is wat gebeur ...

Hier dink ons ook weer aan wat in 2 Petrus 3 vers 7 ook vir ons staan: *7 Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense. Ander vertalings soos o.a. die Bybel Direkte Vertaling praat van die heelal word opsy gesit, dit word bewaar vir die oordeelsdag ... en die vernietiging van die goddelose mense.*

Sonder om nou te veel oor hierdie ryke Skrifgedeelte uit te brei, (in Postmasburg het ons al 'n preek hieroor gehad), dan besef ons die oomblik as Christus Hom eenvoudig net onttrek, Hy wat nou nog tussen vure staan, die geweldige vure in die hemelruim, maar ook die geweldige vure in die aardkors onder ons, met vulkane en alles daarmee saam, as Christus wegbeweeg tussen die vure uit, dit wat in enkele sekondes kan gebeur ... Hy wat steeds vandag hierdie vure uitmekaarhou, want Hy gee nog tyd, Hy regeer, maar as Hy Hom tussen die vure bó ons en die vuur onder ons deur sy Gees gaan wegbeweeg, daar is geen skeiding meer tussen die vure nie, dan gaan hierdie aarde op in waarvoor dit opsy gesit is, dit sal heeltemal verbrand. Dit wat ons nie vooruit kan bereken, dinge wat ons nie kan vooruit sê nie, want God sê dit nie in besonderhede vooruit nie, maar wat God sê is duidelik en genoeg.

Ons praat van kosmiese gebeure, sonsverduistering, donkermaan, sterrereën, trillings deur die hemelruim, ja Lukas verhaal die Profetiese Rede ook in Luk. 21:25, as hy praat van skokgolwe op die aarde as die see en die branders dreun, ja *nasies sal radeloos raak wanneer die see en branders dreun*. Niks hiervan staan los van die wederkoms nie. Dit is alles wesentlik deel van wat die wederkoms sal wees. Om net daaraan te dink, al kan ons niks hiervan vooruit sê of



vooruitweet nie, as Jesus finaal die hemelruim deurklief, dan moet alles eenvoudig weggesleur word voor sy koms. Dit sal lyk, soos iemand dit skryf, of die dak van ons ou wêreldjie oopskeur, asof die fundamente onder ons padgee. As sy lig in majesteit en heerlikheid verskyn, dan kan dit tog nie anders nie, dan sal alles wat altyd vir ons na lig gelyk het, ineens vervaag, verdof en verdwyn. Niemand sal die spoed van sy koms en die tempo van sy onstuitbare aantog kan meet nie. Weereens, dit sal beslis nie vooruit gesê of vooruit bereken kan word nie! Alle mense sal besef wat gebeur, maar niemand sal tyd hê om tot verhaal te kom nie. Dis asof die gelowige en ongelowige net mét 'n refleksbeweging sal kan reageer. Die ongelowige, ja die goddelose sal van onbeskryflike paniek en angs inmeakaarsak, hulle sal van hulle verstand af raak, van vrees begin hardloop, radeloos wanhopig sal hulle vlug. Vir die uitverkore kind van God, u wat gelowig is, u sal dan vol word van 'n onvoorstelbare vreugde, ons sal spontaan kan begin sing, as ons die engele volg, wat Christus na sy kinders sal stuur om almal wat aan Hom behoort na Hom te bring. Onvoorstelbaar groot die vreugde en harmonie wat dan virus-vry ons sal laat optree.

Daarom vandag, rol op jou moue vandag, want weet God se môre is nie noodwendig eers môre of oor duisende jare nie, dit kan ook vandag wees, ja God se môre is reeds vandag. Soos ons vandag begin het, so eindig ons met die grondtoon van die Profetiese Rede, dis die werklike doel met sy Profetiese Rede, ... *julle moet op julle hoede wees* ... Dit is ons wel vooruit gesê!

AMEN